# KRUISGENOOT

18 Mei 2025

## NGK RUSTENBURG-SUID

JESUS LEEF EN ONS MET HOM



# God se werk

## Handelinge 11:1-18

# Kontak

071 436 0102
ngrbsuid@gmail.com
www.ngrustenburgsuid.co.za

NGRtbsuid

ABSA 122 058 012 8

Kaart fasiliteite in die kantoor beskikbaar

**KANTOORURE**
08:00 - 13:00

**SKRIBA**
Helena Heystek-De Klerk
071 436 0102

**LERAAR**
Ds Driaan Britz
083 232 4706
driaan@eeworks.org

# *Bid vir mekaar*

## Siek of in die Hospitaal

Marjorie Landsberg
Freddie Alberts
Bessie & Hansie Ströh
Annatjie Smuts
Marie Nel
Jac van der Bergh
David Jansen van Vuuren
Lienke Venter
Wimpie Espach
Johann Espach
Marcel Derks
Fancis Jackson
Grietha Paxton

# LEKKER VERJAAR

| | | |
|---|---|---|
| 18 Mei | - | Hans Vosloo |
| 19 Mei | - | Martie Crafford |
| 20 Mei | - | Jacques Badenhorst |
| 20 Mei | - | JP Willemse |
| 21 Mei | - | Mia Fourie |
| 22 Mei | - | Amelia Botha |
| 22 Mei | - | Marcèl Loock |
| 22 Mei | - | Shayla Loock |
| 23 Mei | - | Annabelle Smit |
| 23 Mei | - | Belinda Vorster |
| 23 Mei | - | Ryan Willemse |

# bid



**Japan**: Pray for the Japanese Sign Language Bible translation project, which provides deaf individuals with accessible Scripture. Pray for unity among the translators, provision of all necessary resources and fruitful collaboration with international partners.
**South Korea**: Since 2008, the Korean Bible Society has donated over 1,6 million Scriptures to support Bible Societies worldwide. Pray that we continue to strengthen our service to Korean churches and fulfil our mission of sharing God's Word through translation, publication and outreach.
**North Korea**: It is illegal to own or distribute Bibles in North Korea. Pray for the efforts of Bible missionary organisations who have – in the past – used discreet ways to distribute Bibles to the underground Church in this country. Pray for the safety of Christians in North Korea and that God would continue to encourage them and make a way for his Word to reach them.









Lootjies by kantoor















# God aan die werk in die wêreld

Wanneer 'n mens vir 'n week of wat van jou huis af weg was, en jy maak dan weer die voordeur oop, dan mag dit wees dat jy deur 'n effens bedompige of muwwe reuk verwelkom word. En die eerste ding wat jy dan sal wil doen, is om die deure en vensters van die huis so wyd as moontlik oop te maak. Jy sal wil hê dat daar vars lug moet inkom, sodat die bedompige en muwwe reuk weer die wyk kan neem. Jy sal vars lug soek, want in 'n toe huis kan 'n mens tog nie behoorlik asemhaal en lewe nie.

Nou, hierdie prentjie wat ons nou voor ons het, van 'n toe huis met 'n bedompige en muwwe reuk, is 'n prentjie wat ons dalk kan help om beter te verstaan hoe God in ons wêreld werk. En dan moet ons heel eerste sê: Die wêreld waarin ons leef, is in baie opsigte soos 'n toe huis. Dink maar aan al die slegte dinge wat in ons wêreld gebeur, al die dinge wat daaraan 'n bedompige en muwwe reuk gee. Soos bv. dat baie mense hulle verset teen God. Hulle wil Hom nie as God aanvaar of erken nie. Hulle wil nie voor Hom as Koning buig nie. Paulus beskryf so 'n houding hier in Rom. 8 as "vyandskap teen God." En hierdie vyandskap teen God het weer alles te doen met wat Paulus ons "sondige natuur" noem. Hy praat mos ook hier in Rom. 8 'n hele paar keer van ons "sondige natuur." Dis daardie natuurlike geneigdheid hier binne-in ons om God te verwerp en om die verkeerde te wil doen. En hoe duidelik sien ons nie hoe hierdie verkeerde geneigdheid in ons wêreld aan die werk is nie! Ons sien dit bv. oral waar mense mekaar slegte dinge aandoen, van moord en korrupsie en verkragting, tot waar mense mekaar verkleineer of slegsê. Blaai maar net een koerant van die week deur en merk die slegte dinge waaroor berig word met 'n rooi pen. Of kyk maar net na die eerste deel van die nuus op TV, tot voor die sportberigte, en kyk wat dit aan jou gemoed doen. En so is daar oral bewyse van ons "sondige natuur" wat aan die werk is, en van mense se "vyandskap teen God." Ons hoef beslis nie ver te gaan soek om sulke bewyse te kry nie. En buitendien is hierdie bewyse sommer ook in ons eie hart en lewe baie duidelik.

Ons leef in 'n toe huis, 'n huis vol slegte dinge, wat 'n bedompige en muwwe reuk aan hierdie huis gee. En dis nie altyd maklik om in so 'n huis te leef nie. Soms voel ons dalk soos die man wat gesê het: Stop die wêreld, ek wil afklim. Maar ek het vroeër tog ook gesê die prentjie van die toe huis kan ons dalk help om beter te verstaan hoe God in ons wêreld werk. Want wat doen God in ons wêreld?

Hoe werk Hy in hierdie toe huis?

Ons verstaan sekerlik maar min van hoe Hy agter die skerms werk. Maar ons kan wel dadelik sê: God het vir ons 'n venster in hierdie toe huis kom oopmaak. Uit liefde vir ons stuur Hy sy Seun Jesus na hierdie wêreld toe. En Hy stuur vir Jesus "as 'n offer vir die sonde." So stel Paulus dit in vers 3 wat ons gelees het: Jesus kom "as 'n offer vir die sonde." En daarom kan ons vanoggend sê: Jesus het kom sterf vir al ons ongehoorsaamheid aan God en al ons vyandskap teen God. En so het Jesus, deur sy lyding, vir ons 'n venster kom oopmaak. So het Hy van 'n toe huis, wat maar altyd net bedompig en muf sou wees, 'n huis met 'n oop venster kom maak. En as ons in terugdink aan wat Jesus vir ons kom doen het, kan ons sê: Hy het vir ons 'n venster kom oopmaak. Dít is wat Hy deur sy verskriklike lyding en dood vir ons kom doen het.

Maar nou, baie belangrik: God se werk in ons wêreld hou nie op by wat Jesus kom doen het nie. Hy maak nie net 'n venster oop sodat die toe huis darem nie meer heeltemal so toe is nie. Nee, met respek gesê: God laat ook die vars bries van sy Gees by daardie venster inkom en deur die toe huis waai. En so gaan sy werk in ons wêreld elke dag voort, deur sy Gees, die Heilige Gees wat op Pinksterdag uitgestort is. So behalwe dat Jesus gekom het om vir ons 'n venster oop te maak, het die Gees gekom om soos 'n vars bries deur die toe huis te waai. Ons weet mos dat toe Jesus met Nikodemus oor die werk van die Heilige Gees gepraat het, Hy die werk van die Gees met die wind vergelyk het. Jesus het vir Nikodemus gesê: "Die wind waai waar hy wil. Jy hoor sy geluid, maar jy weet nie waar hy vandaan kom en waar hy heen gaan nie. So gebeur dit ook met elkeen wat uit die Gees gebore is." Amper soos die wind waai, werk die Heilige Gees in ons wêreld en lewens. En so sit God ook vandag nog sy werk in hierdie wêreld voort, deur sy Gees.